**Woensdag 2 Oktober**

| | |
|---|---|
| **Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10; Dordtse Leerreëls 3/4:11** | **Fokusgedeelte: Efesiërs 2:1-4 (1933/53-vertaling)** |

**Wedergeboorte – ingrype van die lewende God op die dooie mens**

As iemand sou vra: "Som die leer van die wedergeboorte op in twee woorde", dan sou 'n mens kon antwoord uit Efesiërs 2:4: "… maar God ... Die evangelie is een groot "maar God"! Die mens is in homself 'n verlore dooie, maar God gryp in om te red.

Presies waarvan is ons gered? Anders gevra: Hoe leef iemand wat nog nie wedergebore is nie? Efesiërs 2:1-4 sê so persoon is geestelik dood in sy misdade en is soos 'n marionet-pop in die hande van die duiwel. Hy lyk soos een wat gehipnotiseer is om na allerlei wêreldse plesier te gryp. Iemand wat nie wedergebore is nie, is dalk liggaamlik lewendig, maar is geestelik dood. 'n "Geestelik dooie" beteken die persoon wil niks anders as die wêreld hê nie. Hy wil nie vir God hê nie!

Maar die lewende God gryp in om die dooie mens op te wek! Hy doen dit deur die wedergeboorte. Dit beteken Hy laat veral drie dinge gebeur:

- Hy laat een of ander tyd die evangelie aan jou verkondig, sodat jy dit kan inneem.
- Hy verlig jou verstand deur sy Gees, om die Woord reg te verstaan.
- Hy verander jou wil gedurende die res van jou lewe!

As die Heilige Gees ons geestelik lewend maak, dan beteken dit Hy verander ons wil. Ons wil nou sy goeie werke doen en ons kan ook daarin wandel (Ef. 2:10), want ons is nie meer geestelike lyke nie! Die Vader het my saam met Jesus Christus uit die dood opgewek! Ek is nie meer in Satan se hande nie, maar in God s'n. Daar is 'n radikale verskil tussen dié wat dood is in die wêreld en dié wat leef in Christus.

Is jou lewe 'n radikale kontras teenoor die geestelik-dooies? Is die groot "maar God!" kenmerkend van wie jy is? Lééf in die genade van "maar God!" en wandel in sy goeie werke.

*Sing: Psalm 98-1:1, 2*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*